IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA

TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING

06/05/2005

Saaknommer: 7405/2005

In die saak tussen:

ACMC TRADING (PTY) LTD — Applikant

en

BENNIE SCHEFFER — Respondent

---

# UITSPRAAK

JOOSTE WR:

1. Soos blyk uit die bedes in die kennisgewing van mosie, is die onderhawige aansoek van die applikant daarop gerig om die respondent by wyse van 'n finale interdik te verbied om onregmatig met hom mee te ding in die bedryf van sy besigheid. In wese is dit applikant se saak dat die respondent onregmatig met hom meeding deurdat respondent gebruik maak van konfidensiële inligting verkry uit hoofde van sy werksaamhede by die applikant en ook dat die respondent onregmatig applikant se werknemers van hom afrokkel.

2. Dit is gemeensaak dat die respondent vir *'n* geruime tyd by die applikant in sy besigheid werksaam was en dat respondent sy diens beëindig het gedurende Februarie 2004, waarna hy *'n* nuwe besigheid begin het en waarvan hy *In* derde aandeelhouer is in die besigheid bekend as Beka-Max {Pty} Ltd van Suid-Afrika. Dit is ook nie in dispuut dat die respondent sedert sy uitdienstrede by die applikant kontak met kliënte van die applikant gehad het nie. Verder is dit ook gemeensaak dat werknemers van die applikant bedank het en dat sommige van hierdie werknemers nou 6f betrokke is by die respondent se besigheid of inderdaad daar werksaam is.

**DIE ONREGMA TIGE AFROKKELING OF OORREDING VAN KLIéNTE VAN DIE APPLIKANT OM MET DIE RESPONDENT SE BESIGHEID BESIGHEID TE DOEN:**

3. In hierdie verband beweer die applikant dat die respondent onregmatig gebruik maak van vertroulike inligting ten aansien van die applikant se kliëntelys (aanhangsel *"B"* tot die funderende eedsverklaring). Dit,is nie in dispuut dat die kliënte gelys in aanhangsel "B" die applikant se kliënte is nie.

4. Ten einde te slaag met die regshulp in hierdie verband versoek in bede 2 van die kennisgewing van mosie, moet die applikant die volgende beweer en bewys:

4.1 Dat die applikant belang het in die vertroulike inligting;

4.2 Dat die inligting van 'n vertroulike of konfidensiële aard is;

4.3 Dat die verhouding tussen die partye sodanig is dat dit 'n verpligting op die respondent plaas om die vertroulike inligting te bewaar;

4.4 Die respondent kennis dra van die vertroulikheid van die inligting en die waarheid daarvan, welke kennis uitdruklik of ge'impliseerd kan wees;

4.5 Dat die respondent onbehoorlik gebruik gemaak het van die inligting, of dit nou as 'n afspringplek of andersins gebruik is.'

Sien: **<u>Van Castricum v Theunissen & Another</u> 1993 (2) SA 726 (T) op 730 E-G.**

5. Vir inligting om konfidensieel van aard te wees, moet dit aan die volgende kriteria voldoen:

5.1 Dit moet bruikbaar wees binne die betrokke besigheid of industrie;

5.2 Dit moet opjektief bepaal nie openbare kennis of eiendom wees nie, maar slegs aan beperkte aantal persone bekend wees;

5.3 Dit moet objektiewe ekonomiese waarde vir die eiser inhou.

Sien: **<u>Waste Products Untilisation (Pty) Ltd v Wilkins & Another</u> 2003 (2) SA 51 5 (W) 518 C-F.**

6. Dat die applikant belang het in sy kliëntelys, syn~e die vertroulike inligting ter sake, spreek eintlik vanself. Dit is nie in dispuut dat aanhangsel *"B"* die applikant se kliënte weerspieël nie. Alhoewel die respondent ontken dat hy *'n* afskrif daarvan gemaak het, is dit gemeensaak dat hy dit "uit sy kop ken". Die respondent voer aan dat hy die meeste van applikant se kliënte self gewerf het en dat die applikant nie al die kliënte sou gehad het as dit nie vir hom was nie. Hierdie poging is nie oorredend tot die mate dat gesê kan word dat

applikant nie 'n belang in die ledelys het nie. Uit die aard van die respondent se werk by die applikant, moes hy bemarking doen en kliënte werf, wat hy ook gedoen het, maar is die werwing gedoen klaarblyklik tot voordeel van die applikant en nie die respondent se eie voordeel nie.

7. Dat die inligting vertroulik van aard is, word in wese ook nie deur die respondent betwis nie, behalwe vir soverre dit namens hom geargumenteer is dat die aanhegting van aanhangsel "B" tot die stukke openbaarmaking van die inligting daarstel en dit dan op hierdie basis nie meer vertroulik sal wees nie. Daar is geen meriete in hierdie argument nie. Dit was uit die aard van die saak vir die applikant nodig om sy kliënte te openbaar ten einde effektief die beskerming te kry wat hy versoek stel die aanhegting daarvan na my mening nie publikasie soos bedoel daar nie.

8. Wat betref die respondent se kennis van die vertroulikheid van die inligting, beweer die applikant in paragraaf 19 van sy funderende eedsverklaring so os volg:

*"Gedurende die tydperk wat die respondent in diens was van die Applikant, was hy onder 'n verpligting* om *die konfidensialiteit van die*

*besigheidsbedrywighede (waarby ingesluit IS die kliëntelys) te respekteer en dit* as *konfidensieel te hanteer. Die Respondent het ook geweet dat daardie inligting konfidensieel is en dat dit baie belangrik is vir die suksesvolle voortbestaan van die Applikant se besigheid".*

Die respondent se antwoord op hierdie bewering in paragraaf 21 van sy antwoordende eedsverklaring lees soos volg:

*"Ek ontken die inhoud van hierdie paragraaf. Ek het geen konfidensiële inligting gebruik ten einde Beka-Max te begin nie".*

Dit stel hoogstens 'n blote ontkenning aan die kant van die respondent daar sonder dat hy enige grondslag vir die ontkenning neerlê. In die lig van hierdie blote ontkenning het die klaarblyklike inherente waarheid van die applikant se bewering op die waarskynlikhede, aanvaar ek dat die respondent kennis gedra het van die vertroulikheid van die inligting.

9. Die vraag of die inligting onbehoorlik of onregmatig deur die respondent gebruik is om kliënte van die applikant af te rokkel of te oorreed om met hom besigheid te doen, word ernstig deur die respondent in dispuut geplaas. Hierdie dispuut is in wese waarom die beregting van die regshulp wat hierop betrekking het draai.

9.1 Die applikant beweer dat Frans Calitz aan die deponent van die funderende eedsverklaring sou meegedeel het dat die respondent Nissan se aankoper genader het en aan die aankoper gesê het dat hy *'n* soortgelyke diens aan Nissan kan lewer as die van die applikant. Afgesien daarvan dat hierdie bewering hoorsê is, is die aankoper ene Gerar Baird wat onder eed bevestig dat die respondent hom meegedeel het dat hy nie dieselfde diens aan Nissan kan lewer was wat die applikant lewer nie aangesien Nissan gespesialiseerde produkte verlang wat nie deur die respondent of Beka-Max verskaf sal word nie.

9.2 Applikant beweer ook dat ene Louis Backhoff, wat nou vir die respondent werk en voorheen in diens van die applikant was, die dag nadat hy bedank het, met een van die applikante se kliëte besigheid probeer doen het sonder om te openbaar dat hy nie meer vir die applikant werk nie. Die kliënt is Transcor Midrand en is verteenwoordig deur 'n ene Eric. Die respondent ontken hierdie bewering en se (wat bevestig word deur Lou~s Backhoffl dat laasgenoemde vir Eric reeds jare ken en dat Eric slegs van die applikant se diens gebruik gemaak het aangesien Backhoff daar werksaam was. Eric is een van die kliënte wat Backhoff na die applikant oorgebring het en was reeds by

Digicor (waar Backhoff voorheen gewerk het) 'n kliënt van laasgenoemde.

9.3 Applikant beweer verder dat die respondent vir ene kaptein Schoeman van die SAPO se motorhawe afdeling genader het vir besigheid en aan Schoeman gesê het dat hy sy eie besigheid oopmaak en *'n* soortgelyke besigheid bedryf as die applikant. Kaptein Schoeman bevestig dit in 'n eedsverklaring, aanhangsel "A" tot die funderende eedsverklaring.

Opvallend beweer die applikant nie dat die respondent vir Schoeman genader het om aan hom dieselfde diens te lewer as wat applikant lewer nie, of dit aangebied het nie, of Schoeman probeer afrokkel het as kliënt van applikant nie. Volgens die respondent ken hy kaptein Schoeman al ongeveer .20 jaar aangesien hy sy vakleerling was in diens van die Suid Afrikaanse Lugmag. In sy opponerende stukke beweer die respondent verder dat hy vir kaptein Schoeman genader het om aan hom te verduidelik wat hy beoog met sy nuwe besigheid en om sy nuwe telefoonnommer aan hom te gee aangesien sy selfoon deur applikant teruggeneem is en geen van sy kennisse sy nuwe telefoonnommer gehad het nie.

9.4 Applikant beweer ook dat die deponent deur ene Hermanus Potgieter van Bojanala Transport, wat een van applikant se kliënte is, meegedeel is dat die respondent hom geskakel het en gevra het of hy vir Potgieter by sy huis kan kom sien in verband met die besigheid. Alhoewel applikant in sy funderende eedsverklaring beweer het dat hy sou poog om 'n eedsverklaring by Potgieter te bekom, is so 'n eedsverklaring nooit voorgelê nie. In iedere geval maak die applikant geen bewering dat die voorstel van die besoek daarop gerig was om Potgieter as kliënt van applikant af te rokkel nie. Die respondent beweer dat hy reeds vir ongeveer vyf jaar baie goeie vriende met Potgieter is en hom geskakel het ten einde sy selfoonnommer aan hom te gee en aan hom te verduidelik wat hy beoog om met sy besigheid doen.

9.5 Applikant beweer ook dat hy deur ene Wynand van Twin Trucking ('n kliënt van die applikant) meegedeel is dat respondent hom geskakel het en 'n afspraak gemaak het om hom op 3 Maart 2005 in verband met besigheid te kom sien. Eweneens is hier geen bewerings dat die oogmerk van die besoek sou wees om 'n kliënt van die applikant af te rokkel nie. Ook is 'n eedsverklaring van Wynand nooit geliasseer nie.

Volgens die respondent is hy reeds vir vyf jaar huisvriende met Wynand en dat laasgenoemde hom meegedeel het dat hy nie langer gaan gebruik maak van die applikant as verskaffer van remvoerings nie.

9.6 Applikant beweer ook dat nadat die respondent bedank het, hy gebruik maak van 'n voertuig van Rubica Carriers, welke besigheid aan ene Deon Coetzee behoort. Rubica Carriers is eweneens 'n kliënt van applikant. Die vermoede is dat Deon Coetzee aan respondent finansiering verskaf het om sy eie besigheid te begin. Respondent verduidelik dat sy voertuig wat hy gebruik het deur die applikant teruggeneem is by sy bedanking en dat hy die voertuig van Deon Coetzee geleen het, wat sy vriend is vir reeds ongeveer drie jaar. In iedere geval blyk dit dat Deon Coetzee die enigste direkteur van die respondent se nuwe besigheid Beka-Max is. Gegewe hierdie situasie is dit moeilik om afrokkeling af te lei waar dit Coetzee klaarblyklik vrystaan om besigheid te doen met 'n maatskappy waarin hy self 'n belang het.

9.7 Applikant beweer in sy repliserende eedsverklaring dat na die aflegging van die funderende eedsverklaring by nog drie van

applikant se kliënte uitgevind is dat die respondent hulle genader het om besigheid met hulle te doen.

Hierdie skrywe is natuurlik nie onder eed nie en val dit vreemd op dat die skrywe op In briefhoof van Mageu no 1 gedoen sou word, terwyl mnr Smit, blykens sy eedsverklaring wat aangeheg is tot applikant se funderende eedsverklaring, klaarblyklik in diens van die applikant is. Die getuieniswaarde daarvan is, om die minste te se, twyfelagtig. Verder word in die repliek beweer dat die. respondent In ene mnr C S Gouws van Stefma Brakes CC (In kliënt van die applikant) sou genader het insake sy nuwe besigheid. Ter stawing van hierdie bewering word In afskrif van die skrywe as aanhangsel "0" tot die repliserende eedsverklarnjg aangeheg. Die bewering is dan dat respondent sou aangebied het om dienste te lewer aan Stefma Brakes CC teen dieselfde of beter pryse as die van die applikant.

**KONTAK MET EN AFROKKELING VAN APPLIKANT SE WERKNEMERS:**

10. Wat betref die afrokkeling van werknemers, en in hoeverre dit onregmatige mededinging daarstel het Van Dijkhorst, R in **Atlas**

**<u>Organic Fertilisers v Pikkewyn Ghwano</u> 1981 (2) SA 173 (TPD) 173 op 200 D-G** hom soos volg uitgelaat:

*"Is it unfair competition to induce and employee to terminate his contract of employment lawfully? Put differently, can it be unlawful conduct to exhort someone to do something lawfully? This proposition falls strange on the ear. In our competitive economy it is normal for employers to bid for their labour, the price of which is subject to the law of supply and demand. As long as the employer is free to leave, others are entitled to offer him better terms of employment. The fact that the loss of the employee might cause damage to the employer is incidental and irrelevant.*

*This does not mean that should a businessman systematically induce his competitor's employees to leave his employ, would necessarily be lawful. In my view, public policy would dictate that, where the aim in inducing a competitor's employees to terminate their employment is not to benefit from their services, but to cripple or eliminate the business competitor, this action be branded as unlawful competition".*

11. Soos vermeld, is dit ook die applikant se saak dat die respondent op onbehoorlike wyse kontak met sy werknemers sou gehad het en hulle

uit sy diens afgerokkel het. Hierdie bewering word deur die respondent ontken. Volledigheidshalwe word kortliks met die onderskeie werknemers gehandel. Dit IS onnodig om volledig te handel met alles wat in hierdie verband In die beëdigde verklarings geopper is.

11.1 Wat Ignatius Jordaan betref, ontken die respondent dat hy hom afgerokkel het. Dit blyk dat Jordaan saam met die respondent werksaam was by die Suid-Afrikaanse Lugmag en dat dit respondent was wat hom genader het om by die applikant te werk. In aanhangsel *"H „* tot respondent se dupliserende eedsverklaring, verklaar Jordaan onder eed dat hy aanvanklik as werkswinkelvoorman in diens was maar dat hy vanaf 1 November 2004 bloot as motorwerktuigkundige diens gedoen het. Volgens hom is hy ook gedreig met afdanking gedurende Januarie 2005 en het hy besluit in Februarie 2005 om self te bedank as gevolg van die konflik tussen hom en ene mnr Pretorius wat ook in diens is van die applikant. Alhoewel hy· ooreenkomstig sy dienskontrak kennis gegee het van twee weke, is hy meegedeel deur die deponent van die applikant se eedsverklaring dat die laaste werksdag die dag van bedanking sou wees.

11.2 Johan Lubbe het op 7 Maart 2005 bedank uit diens van die applikant. Respondent ontken dat Lubbe in sy diens is of dat hy enige kontak met hom gehad het. Applikant ontken dat Lubbe sy kennismaand by die applikant werk en is daar geen aanduiding dat Lubbe kontrakbreuk gepleeg het me. Geen bewering word deur die applikant gemaak wat die afleiding regverdig dat die respondent vir Lubbe afgerokkel het of gepoog het om hom af te rokkel nie.

11.3 Louis Backhoff bevestig in 'n beëdigde verklaring, aanhangsel *"C"* tot respondent se antwoordende eedsverklaring respondent se weergawe dat hy bedank het uit diens van die applikant aangesien hy ongelukkig was met die hantering deur die applikant van sy diensvoorwaardes. Die respondent ontken dat hy Backhoff afgerokkel het.

11.4 James Mnisi en Gideon Nkoane bevestig onderskeidelik in aanhangsels "B" en "C" tot respondent se dupliserende eedsverklaring onder eed die respondent se weergawe dat hulle by hom aangeklop het vir werk en nie deur hom genader is nie. Volgens Mnisi het hy slegs 'n tydelike kontrak gehad wat verval het en volgens Nkoane was hy in dieselfde posisie.

**11.5** Die respondent ontken dat hy Ephraim Malatji afgerokkel het. Hy beweer dat Malatji ham meegedeel het dat indien die respondent nie langer by die applikant sou werk nie, hy self ook nie meer daar wou werk nie. Verder word beweer dat Malatji op **11** Maart 2005 deur mnr Johan Pretorius en Johan Smit, in diens van die applikant, gedreig is om sekere dokumente te onderteken, maar dat hy geweier het om dit te doen. Laasgenoemde ongelukkigheid blyk uit die eedsverklaring van Malatji self, asook dat hy uit sy eie uit die respondent genader het.

**11.6** Applikant heg aan as·' aanhangsel "C" tot sy repliserende beëdigde verklaring, In beëdigde verklaring van Hendrik Thabang Mnisi aan waarin die deponent se dat die respondent sy broer, James Mnisi voormeld, telefonies geskakel het en hom ‘n werk aangebied het. Hierdie eedsverklaring word egter weerspreek deur 'n beëdigde verklaring, aanhangsel "A" tot respondent se dupliserende eedsverklaring, deur dieselfde deponent, naamlik Hendrik Mnisi, waarin hy beweer dat hy op geen stadium 'n eedsverklaring onderteken het voor die SAPD nie, maar wel 'n handgeskrewe dokument wat deur Johan Pretorius geskryf het. Volgens ham is hy 'n hele dag ondervra ten einde inligting van

hom te verkry en daarna is hy aangesê om die dokument te onderteken. Die waarde van aanhangsel "C" moet bygevolg sterk onder verdenking geplaas word.

**SAMEVATTING:**

12. Die regshulp versoek in bede 2 van die kennisgewing van mosie is die van 'n finale interdik om vertroulike inligting te beskerm en die onbehoorlike gebruik daarvan te verbied. In die onderhawige geval is dit die applikant se saak dat sodanige misbruik van inligting ook aanleiding gee tot onregmatige mededinging met hom van die kant van die respondent. Uit die uiteensetting hierbo met betrekking tot die onderskeie party se weergawes ten aansien van die onregmatige of onbehoorlike gebruik van die inligting, is dit duidelik dat daar wesenlike feitedispute bestaan. Dit is geykte reg dat waar 'n feitedispuut bestaan wat relevant is tot die bewys van een van die essensiële vereistes vir *'n* interdik, *'n* finale interdik slegs in mosieverrigtinge toegestaan sal word as die feite soos beweer deur die respondent tesame met die feite wat erken is in die applikant se eedsverklaring, so *'n* bevel regverdig.

Sien: **<u>Stellenbosch Farmer's Winery Limited v Stellenvale Winery (Pty) Ltd</u> 1957 (4) SA 234 (C);**

**<u>Plascon Evans Paints Limited v Van Riebeeck Paints (Pty) Ltd</u> 1984 (3) SA 623 (A).**

13. In wese kom die respondent se weergawe daarop neer dat die kliënte wat hy erken hy mee kontak gemaak het nadat hy die diens van die applikant verlaat het, goeie vriende of jarelange kennisse van hom is en dat kontak· gemaak is ten einde sy nuwe besigheid wat hy beoog het om te bedryf, deur te gee sonder om enige kliënt van die applikant te probeer afrokkel. Na my mening was die respondent deurentyd openhartig en het volledig in sy eedsverklarings met die feite gebandel en waar moontlik stawende getuienis aangebied. Op die stukke in die geheel is ek van oordeel dat daar nie bevind kan word dat die ontkennings van die respondent so vergesog en duidelik onhoudbaar is dat hulle verwerp kan word nie.

14. Aan die anderkant is daar sekere aspekte wat die inherente geloofwaardigheid van die applikant se feitlike bewerings verdag maak. Hier is die volgende ter sake:

14.1 Die kwessie van mnr Smit se diens by Mageu no 1 en sy gebruik van *'n* afskrif van die betrokke briefhoof wat as aanhangsel *"D"* tot die repliserende eedverklaring boonop nie onder eed bevestig is nie;

14.2 Die omstandighede wat Hendrik Mnisi in sy latere eedsverklaring openbaar waaronder hy aanhangsel *"C"* tot applikant se repliserende eedsverklaring sou geteken het;

14.3 Die dokument wat blyk 'n eedsverklaring van ene Dechepe Ephraim Molekoa (aanhangsel "H" tot applikant se repliserende eedsverklaring). Hierdie dokument blyk *'n* afskrif te wees van 'n dokument wat oorspronklik deur die Kommissaris van Ede gestempel is. *Prima facie* lyk dit dus onmoontlik te wees dat die deponent in die teenwoordigheid van die Kommissaris van Ede hierdie beweerde eedsverklaring kon teken aangesien die Kommissaris van Ede *'n* afskrif beëdig het;

14.4 Applikant heg verder ook *'n* dokument aan as aanhangsel "Q" tot die repliserende eedsverklaring, synde *'n* verklaring van Peter Frederick Marner. Die dokument is egter *'n* afskrif wat oorspronklik deur die Kommissaris van Ede gestempel, voltooi

en geteken is. *Prima facie* blyk dit weereens asof hierdie eedsverklaring nie voor die Kommissaris van Ede beëdig kon word nie aangesien die Kommissaris *In* afskrif van die dokument beëdig het.

15. In die lig van voorgaande is ek dus van oordeel dat op die stukke en in aggenome die feitedispute, daar nie bevind kan word dat die applikant daarin geslaag het om te bewys dat die respondent die vertroulike inligting gebruik het om kliënte af te rokkel nie en dat die toestaan van In interdik soos versoek in bede $2_1$ dus nie geregverdig is nie.

16. Wat betref die afrokkelling van applikant se werknemers en die regshulp in bede 3 in hierdie verband versoek, is ek van oordeel dat op die stukke, die applikant geen saak uitgemaak het wat die toestaan van sodanige regshulp regverdig nie. In hierdie verband is dit voldoende om daarop te wys dat die werknemers almal onder eed bevestig het dat hulle uit eie vrye wil die diens van die applikant verlaat het omdat hulle nie langer in sy diens wou wees nie, en nie deur die respondent beïnvloed of oorreed is om so te doen nie. Na my mening is die kritiek wat ingebring kan word teen die werknemers dat hulle nou bloot hulle eie posisie beskerm, nie as so gewigtig

aangemerk word dat dit die afleiding regverdig dat respondent hulle op onregmatige wyse afgerokkel het nie.

17. Dit volg dus dat die aansoek nie kan slaag nie, bloot op hierdie basis, en vind ek dit nie nodig om te handel met die vraag of die applikant *'n* saak uitgemaak het ten aansien van die ander bekende vereistes vir die verlening van *'n* finale interdik nie.

18. Die aansoek word van die hand gewys met koste.

**JOOSTE WR**